

# Kwanalu Jaarverslag

## 2014

Alan Patonlaan 87  
Scottsville  
Pietermaritzburg 3201  
Posbus 100123  
Scottsville 3209  
Tel: 033 - 342 9393  
Fax: 033 - 345 7141  
e-pos: [director@kwanalu.co.za](mailto:director@kwanalu.co.za)  
Webwerf: [www.kwanalu.co.za](http://www.kwanalu.co.za)

The voice of Agriculture  
Die stem van Landbou  
Izwi Lezokulima  
in KwaZulu-Natal



**Verslag van  
die President  
deur Michael Black**

**D**it is 'n eer en 'n voorreg om die president se jaarverslag vir die afgelope 12 maande voor te lê.

Dit wil voorkom of dit nou al gewoonte geword het vir presidente om na die voorafgaande jaar te verwys as uitdagend en 2014 is geen uitsondering op hierdie reël nie. 'n Sameloop van ekonomiese probleme en politieke onsekerheid het 'n afname in vertroue en 'n toename in pessimisme onder baie kommersiële boere tot gevolg gehad.

Terwyl ons ekonomie wankel op die rand van 'n resessie wat onder andere die gevolg is van voortdurende arbeidsonrus en stakings in baie sleutelbedrywe, het die altyd stygende insetkoste van belangrike boerderyinsette gelei tot ongekende druk op boerderymarge. Dit het baie boere gedwing om hulle totale fokus te plaas op ekonomiese oorlewing en hulle het skaars tyd om aan sake soos transformasie en die oordrag van vaardighede te dink.

Uit 'n politieke oogpunt was dit goed om te sien dat die onlangse algemene verkiesings gekom en gegaan het sonder enige noemenswaardige insidente. Dit het tog enkele groot verrassings opgelewer. Dit was verblydend om te merk dat die grondkwessie nie op groot skaal as politieke hulpmiddel gebruik is in die aanloop tot die verkiesings nie.

Dit is jammer dat die nasionale regering nie die nodige erkenning verleen aan die potensiaal van die landbou om 'n bydrae tot die ekonomie te maak en groei te stimuleer nie. Terwyl die potensiaal van die landbousektor om werk te skep en 'n bydrae tot die ekonomie te maak in groot strategieë en opvattinge vervat word, word dit gereeld weerlê deur verklarings, optrede en voorgestelde wetgewing, wat in die praktyk net die teenoorgestelde uitwerking sou hê. Dit is onseker of dit moedswillig gedoen is en of dit bloot onbedag was, maar die eindresultaat hiervan is verminderde vertroue onder diegene wat by die landbou betrokke is – iets wat ons nie eintlik kan bekostig nie.

**MUTUAL & FEDERAL | agri**  
ONS BESKERM WAT VIR JOU BELANGRIK IS

Boerderybesluite is langtermynbesluite en daarom is 'n stabiele en winsgewende sektor nodig om wyse besluite die lig te laat sien. Ek is bevrees dat, totdat die regering besef dat die landbou 'n unieke sektor is met unieke behoeftes en besluite moet neem om stabiliteit en vertroue in die sektor te bevorder, sal doeltreffende transformasie nie plaasvind nie. Om te kan oorleef moet nuwe boere, wat ook al hulle agtergrond, winsgewend boer en welvarend wees en soos sake nou staan met die huidige klimaat van onsekerheid, kan dit nie gebeur nie.

Op provinsiale vlak is ek bly om te sien dat die Premier, agbare Senzo Mchunu, klaarbyklik meer oortuig is van die rol wat die landbou in die ekonomie van die provinsie kan speel. Hy het dit nie slegs by meer as een geleentheid in die openbaar en privaat opgehaal nie, maar hy het ook 'n taakspan aangestel om die strategieë van die Departement van Landbou te ondersoek en om aanbevelings te maak oor die herstrukturering van die departement. Kwanalu en die vele kommoditeite wat deur die organisasie verteenwoordig word, het hulle volle samewerking gegee en deeglik meegedoen deur verreikende aanbevelings aan die taakspan te maak tydens die ondersoek. Ons hoop dat baie hiervan in die uitslag te sien sal wees.

Terwyl op die finale verslag van die taakspan gewag word, is ek vol vertroue dat sterk klem gelê sal word op kommersiële landbou, sowel as voedselsekureit. Om die deurslag te gee vir die implementering van die aanbevelings, sal mense met sterk persoonlikhede as LUK en hoof van die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling aangestel moet word. As die uitgebreide hulpbronne waaruit reeds ruim geput is en wat in onlangse jare somer deur die departement verspil is in ag geneem word, sal daar ongetwyfeld baie mense wees wat sal verkies dat alles maar op dieselfde trant moet voortgaan en wat enige pogings tot verandering sal teenstaan. Daarom verwelkom ons die aanstelling van mnr. Cyril Xaba as LUK vir Landbou en Landelike Ontwikkeling. Mnr. Xaba het 'n indrukwekkende rekord van gesonde oordeel en sterk administrasievermoëns en blyk die regte man vir die posisie te wees. Die implementering van die omkeer strategie sal 'n besluitnemingsvermoë van staal vereis en ons wens hom alles van die beste toe met die taak. Ons sien daarna uit om met hom saam te werk. Ons sien hom bowenal as 'n bondgenoot en strategiese vennoot eerder as 'n opponent, soos blykbaar in die verlede die geval was.

Die Premier het ook by verskeie geleenthede aangedui dat hy van mening is dat "skikking weg van die plaas af" die oplossing is om leemtes op plase soos 'n gebrek aan basiese dienste en onderwys- en gesondheidsgeriewe aan te spreek. In hierdie verband is geld toegewys aan 'n loodsprojek, waaraan Kwanalu ook sal deelneem. Die gebied waarin die voorgestelde loodsprojek sal plaasvind, is geïdentifiseer en sodra daar op die finale besonderhede ooreengekom is, sal met die projek begin word.

Die grondhervormingskwessie het gekom om te bly en daar bestaan geen twyfel dat dit in die afsienbare toekoms as politieke speelbal gebruik sal word nie. Na my mening is dit een van die maatstawwe waarvolgens kommersiële landbou in die toekoms beoordeel sal word. Dit is, desnieteenstaande, 'n bron van ylike frustrasie dat, terwyl die meeste kommersiële boere die beginsels van grondhervorming ondersteun en daar baie is wat geesdriftig is oor transformasieprojekte, so min ondersteuning deur regeringsbeamptes verleen word

wanneer projekte voorgestel en die nodige finansiering vereis word. Terwyl beamptes hulle koppe knik en die voorstelle in beginsel steun, wil dit voorkom asof hulle nie oor die vermoë beskik of magtiging het om projekte aan die gang te sit nie. Dan word begrotingsprobleme dikwels as die sondebok uitgewys. Kommersiële boere wat graag betrokke wou raak, trek dan uiteindelik net hulle skouers op en laat vaar alle planne. Ek is wel van mening dat almal van ons hervorming moet ondersteun en aanmoedig, in ons persoonlike, sowel as openbare hoedanighede. Ek glo egter nie dat die geld daarvoor deur kommersiële boere verskaf moet word nie, soos blykbaar in baie kringe aangeneem word. Dit is seer sekerlik nie die plig van minder as 40 000 kommersiële boere om die koste te dra vir die regstel van foute wat deur vorige geslagte begaan is nie.

Die onlangse heropening van die grond restitusie eise-proses is beslis iets wat kommersiële landbou op hierdie stadium die minste kan bekostig. Soos dit nou lyk, gaan dit grondhervorming eerder vertraag as versnel. Hoe ongewens die heropening ook is, moet daarop gewys word dat georganiseerde landbou welverdiende krediet moet kry ten opsigte van hoe ver terug en vir hoe lank die proses heropen moet word. Meer onlangs in die nuus is die minister se ondeurdagte wetsontwerp op die Versterking van Relatiewe Regte, wat oral druk bespreek word. Dit is net nog 'n onpraktiese voorstel wat bewys dat die regering met geen nuwe idees vorendag kan kom om grondhervorming suksesvol deur te voer nie. Jammer om dit weer te herhaal, maar al manier waarop grondhervorming suksesvol kan wees is as die strukture en ondervinding van georganiseerde landbou en ervare boere ten volle aangewend word om strategieë daar te stel en die proses te identifiseer, te vestig en te ondersteun.



*Sprekers by die fondsinsameling ete vir die Agri Securitas Fonds was Gary Teichmann voormalige Springbok Kaptein, Japie Grobler Voorsitter van die Agri Securitas Trust Fonds, Johannes Moller, President van Agri SA, en Stephan Terblanche, Seremoniemeester.*

Daar moet voortdurend aandag geskenk word aan plaasveiligheid. Dit is hartseer dat ons die aanvalle op boere in verskeie dele van die provinsie weer eens moet veroordeel. Daarteenoor moet dit ook uitdruklik gestel word dat ondersoek daarop dui dat die motief vir hierdie grusame en onaanvaarbare daade byna altyd selfverryking deur die oortreders is, met geen bewys van 'n politieke motief nie. Boere word bloot gesien as sagte teikens wat, so word veronderstel, 'n maklike bron van kontant

en vuurwapens vir misdadigers is. Iets waarvoor ons baie dankbaar is, is dat arrestasie- en skuldigbevindingsyfers vir veral plaasmoorde, hoog bly. Soos altyd is ons dank verskuldig aan alle lede van die sekuriteits- en regsektore in diens van die regering en ook van privaat maatskappye vir die wyse waarop hulle hierdie aanslag beveg. Ek is egter oortuig daarvan dat die regstelsel se onvermoë om minder ernstige misdade doeltreffend te bestry, misdadigers onder die indruk laat dat hulle dade ongestraf sal bly en daarom pleeg hulle misdade van 'n meer ernstige aard. Lede moet onthou om hulle eie sekuriteitsmaatreëls gereeld te hersien om sodoende te verseker dat hulle nie slagoffers van misdaad word nie.

Deur middel van die sekuriteitslessenaar het Kwanalu op die hoogste vlak verhoudings met SAPD-bestuur opgebou en ons moedig lede aan om die optrede op kluster- en stasievlak te herhaal. Waar private sekuriteitsmaatskappye betrokke is, word aanbeveel dat hulle ook by die proses betrek word. Alhoewel die opbou van sulke verhoudings by tye frustrerend kan wees, glo ons dat samewerking met die SAPD waar moontlik, noodsaaklik is ongeag van hoe moeilik dit mag wees.

Finansiële en struktureel staan ons organisasie nog stewig en wat beleidsformulering betref, is Kwanalu een van die leidende organisasies in die Agri SA groepering. Ek is egter bekommerd oor die finansiële volhoubaarheid van die organisasie en het gedurende die jaar sover gegaan om persoonlik verhoë te rig tot die talle lede wat gedurende die tagtigerjare Lewenslange Lidmaatskap in NLU gekoop het. Die punt wat ek wil maak is dat, terwyl ons die toewyding wat hulle betoon het toe hulle Lewenslange Lidmaatskap gekoop het, eer en waardeer, kon die uitdagings (en gevolglike finansiële druk op ons organisasie) wat ons nou in die gesig staar, toentertyd nie voorsien word nie. Daarom het ek by die Lewenslange Lede wat steeds aktief boer, gepleit om daaraan te dink om as 'n welwillendheidsgebaar en in billikheid teenoor al die ander betalende lede van Kwanalu, ook nou ledegeld te betaal.

Met die verbetering van moderne kommunikasiemetodes wat nuwe geleenthede vir ons organisasie meebring om intern met ons lede, sowel as ekstern met die wyer publiek te kommunikeer, kom nuwe uitdagings na vore. Terwyl daar van ons lede is wat nog nie eens toegang tot die Internet het nie, is daar ander wat luid uitroep vir kommunikasie via sosiale media. Hierdie uiteenlopendheid in kommunikasie sal 'n nuwe kommunikasiestrategie vereis. Dit is iets wat nie vermy kan word nie en dit sal ons finansies opnuut onder druk plaas.

Terwyl Kwanalu elke geleentheid aangegryp het om nuwe metodes van kommunikasie met sy lede daar te stel, is daar blykbaar nog diegene wat verklaar dat hulle nie weet wat georganiseerde landbou doen nie. Mens kan maklik tot die gevolgtrekking kom dat hierdie lede nie lees nie, maar moontlik oorvereenvoudig ons dan. Ek dink die ware rede kan wees dat boere nie tyd het om al die korrespondensie te lees wat deur verskeie bronne aan hulle gestuur word nie. Dit is dalk nog 'n goeie rede waarom ons 'n ander kommunikasiestrategie moet oorweeg.

Ek is terdeë bewus van die eise wat aan ons HUB, Sandy La Marque, gestel word. Sandy doen nie net uitstekende werk met die bestuur van ons kantoor en personeel en provinsiale aangeleenthede nie, sy speel ook 'n sleutelrol in heelwat van die funksionele komitees by Agri SA. Gedagtig daaraan en as in ag geneem word hoe min mense dikwels

by van die streeksinligtingsvergaderings opdaag, is daar gedurende 2014 besluit om weg te doen met die streeksvergaderings waar die HUB en leierskap met lede gesels. In plaas daarvan word distriksvergaderings gehou, wat gereël word deur en onder voorsitterskap staan van die tien raadslede. distriksvergaderings sluit ook die voorsitters van



*Mnr. Cosmos Xaba wie deel geneem het aan 'n Kwanalu geleide projek.*

al die boereverenigings in daardie distrik in en word oor die algemeen goed bygewoon en verloop gladweg. Oral is die besprekings openlik en op die man af en ek glo dat waardevolle insigte so verkry word aangaande dinge wat haper. Dit het ook 'n bykomende kommunikasielyn vir lede na Kwanalu se leierskap oopgemaak. In sommige gevalle is daar besluit dat distriksvergaderings meer as een keer per jaar moet plaasvind. Dit is weereens 'n duidelike bewys van my oortuiging dat leierskap gedeel moet word. Dit moedig raadslede ook aan om groter verantwoordelikheid vir hulle gebiede te aanvaar. Alhoewel die sentrale inligtingsvergadering wat in 2013 gehou is, uiters suksesvol was, sal soortgelyke vergaderings in die toekoms slegs plaasvind indien dit genoodsaak word deur 'n tersaaklike geldende onderwerp.

Gedurende die jaar is die behoefte raakgesien vir die daarstel van 'n forum waaronder al die kommoditeite wat in die provinsie verteenwoordig word, kan vergader. Daarom is ons nou besig om so 'n kommoditeits-/besigheidsforum tot stand te bring om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Die forum moet ook gemeenskaplike strategieë tussen kommoditeite daarstel en 'n mondstuk verskaf vir samesprekings met die provinsiale regering. Ek vertrou dat alle kommoditeite die waarde van die forum sal insien en heelhartig daaraan sal meedoen.

Afgesien van die feit dat grondsake tans byna 90% van ons organisasie se tyd en hulpbronne in beslag neem, word ook aandag geskenk aan die ander vier geïdentifiseerde fokuspeunte, naamlik (i) Veiligheid en sekuriteit, (ii) Wetgewing, (iii) Arbeid en (iv) Infrastruktuur en hulpbronne. Waar nodig word insette gelewer en sake wat opduik word hanteer. Dit bly egter 'n aanklag van die tyd waarin ons nou werk dat grond soveel van ons tyd en energie opeis.

Kwanalu vorm steeds geheel en al deel van al die strukture van Agri SA en speel tans 'n belangrike rol in heelwat van die funksionele komitees in die organisasie. Agri SA ondergaan tans 'n proses van organisatoriese en strukturele verandering en sal, na my mening, anderkant uitkom as 'n beter en meer relevante organisasie.

Op provinsiale vlak gaan Kwanalu voort om waar moontlik, verhoudings en netwerke op te bou met regerings- en nie-regerings organisasies. Ons hoop werklik dat hierdie verhoudings uiteindelik sal help om al die rolspelers wat die talle uitdagings probeer aanspreek, om een tafel bymekaar te kry om met oplossings vorendag te kom. Terselfdertyd doen ons 'n beroep op alle regeringsliggame om ons as strategiese vennote, eerder as opponente, te sien. Ons sal slegs oplossings vir ons talle gemeenskaplike uitdagings kan vind as ons almal saamwerk.

Gedurende die naweek van 15 Junie 2014 het uiterste weerstoestande gelei tot talle veldbrande in verskeie dele van die provinsie. Verwoestende veldbrande het in die Mount Currie-distrik geheers en dit het die verlies aan menseleuens en grootskaalse verlies aan huise en geboue, lewende hawe, infrastruktuur en weiding tot gevolg gehad. Privaat persone het onmiddellik hulp verleen en Kwanalu het dadelik in verbinding getree met provinsiale regeringsleiers. Opnames van die verliese is binne dae voltooi. Ons wag nou op besluite van die provinsiale regering oor wat volgende gaan gebeur. Ek glo dat boere regdeur die provinsie medelye het met diegene wat verliese gely het, veral nou dat hulle weer van voor af moet begin. Dit is natuurlik ook verblydend om te sien hoe vinnig die hele boerderygemeenskap hulle harte oopmaak na so 'n gebeurtenis en dit laat mens altyd dink aan die gees van goedheid wat in ons heers.

'n Verslag soos hierdie sal nie voltooid wees sonder om my gunstelingonderwerp, naamlik leierskap, aan te raak nie. Meer as ooit tevore het ons sektor nou uitmuntende leierskap nodig. Ongelukkig is heeltemal te veel van ons beste en mees dinamiese leiers nou net gelukkig om na hulle eie belange om te sien terwyl hulle invloedryke posisies moes beklee om te poog om ons gesamentlike toekoms te smee. Nou, meer as ooit tevore, moet ons beste en positiefste jong leiers aangemoedig word om na vore te tree en beheer te neem van hulle toekoms omdat hulle uiteindelik die meeste gaan verloor as hulle dit nie doen nie.

Te midde van al die uitdagings en pessimisme, bly daar hoop en geleentheid vir landbou in ons land. Die wêreldbevolking staan tans op 7 biljoen, waarvan 1 biljoen in Afrika woon. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is nie meer die grootste ekonomie op die kontinent nie – hierdie uitsonderlike prestasie behoort nou aan Nigerië. Bowenal kom van die vinnig groeiendste ekonomieë op ons kontinent voor. Dit is nie meer so 'n groot risiko soos tien jaar gelede om besigheid in Afrika te doen nie en baie van ons groot kleinhandelaars en kitskoskettingwinkels het 'n stewige vastrapplek regdeur die kontinent bekom. Dit alles dui op yslike geleentheid vir die Suid-Afrikaanse boere wat die vertrouwe het om in die langtermyn-toekoms van ons land te belê.

Ter afsluiting bedank ek graag diegene rondom my wat dit makliker gemaak het om voor te loop. Aan die Raad en Bestuurskomitee wat die las help dra het, dankie vir u wysheid en insette wat gehelp het om die pad vir ons wonderlike organisasie aan te wys. Wees egter gewaarsku dat ek in gedeelde leierskap glo en in die volgende maande gaan ek nog meer deel. Aan my vise-presidente, Phenias en Andy – dankie vir julle weloorwoë raad en vermoë om dinge in perspektief te plaas.

'n Spesiale woord van dank aan ons klein, maar hoogs toegewyde en bekwame personeel, die wete dat julle agter my staan, sal enige president se taak makliker maak. Min mense weet hoeveel ure ons toegewyde HUB, Sandy La Marque se “werksweek” bevat en watter impak sy gehad het, nie net op die provinsiale landbouomgewing nie, maar ook op nasionale vlak. Daarvoor sê ons spesiaal dankie aan haar. Ten slotte hartlik dankie aan ons lede vir hulle ondersteuning. Daarsonder sou Kwanalu nie kon staande bly nie. Ek doen egter 'n beroep op lede om hulle bure wat nie lede van Kwanalu is nie, oor te haal om by ons aan te sluit want uiteindelik sal alle boere baat vind by die aktiwiteite van ons organisasie.

Ek hoop dat daar 'n ommekeer sal plaasvind in die lewens van boere regdeur die provinsie. Ek doen 'n beroep op

lede om positief te bly. Konsentreer op die dinge waarvoor jy beheer kan uitoefen en tree te alle tye op soos die professionele mense wat ons inderdaad is. Bo alles, onthou altyd dat een slegte voorval al die harde werk kan vernietig wat gedoen is om ons sektor en die beeld van boere in ons provinsie te bevorder.



## Jaarverslag van die HUB

### deur Sandy La Marque

2013/2014 kan gewis aangeteken word as een van die besigste en uitmuntendste jare wat nog in die landbou beleef is. Kwanalu was op die voorpunt en moes 'n duidelike en weldeurdagte benadering volg oor heelwat sake wat die sektor vanjaar tot in sy wese geruk het.

Ruimte ontbreek om al die sake waaraan aandag geskenk is, in hierdie verslag te bespreek en daarom gaan ek probeer om 'n kort oorsig te gee van twee sleutelaspekte waarin ons beduidende insette gelewer het en wat baie toewyding geverg het.

In navolging van 'n generiese patroon met Agri SA en sy filiale, het Kwanalu die onderstaande sleutelpunte gebruik.

Die ses sleutelpunte is: The 6 key areas are:

1. Transformasie en Landelike Ontwikkeling
2. Landelike Veiligheid & Sekuriteit
3. Natuurlike Hulpbronne
4. Arbeid en Maatskaplike Belegging
5. Kommersiële Beleid
6. Kommunikasie en Beeldbou

### Transformasie en Landelike Ontwikkeling

Dit is een van die sleutelpunte waaraan vanjaar verreweg die meeste tyd en aandag bestee is met die hantering van talle wetsontwerpe, beleide en strategieë soos uitgereik deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en die Minister se kantoor. Die ernstige implikasies wat dit vir KwaZulu-Natal inhou, is nie ligtelik opgeneem nie en alle geleentheid tot drukuitoefening op al die betrokke rolspelers, die regering, ens. is nagejaag en aangegryp.

Die volgende sake het onder andere aandag geniet:

#### Groenskrif oor grondhervorming

Gedurende die afgelope jaar het bepaalde werkgroepe van die Nasionale Verwysingsgroep (NAREG) vergader. Dit wil egter voorkom of baie van die werkgroepe van mening is dat hulle werk afgehandel is met die uitreiking van talle voorlopige wetsontwerpe en beleide. Hier volg enkele van die sake wat uit hulle vergaderings voortgespruit het:

*Die Wetsontwerp op die Grondbestuurskommissie, 2013*

Die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het die wetsontwerp op die Grondbestuurskommissie 2013 en Verduidelikende Memorandum gepubliseer. Die wetsontwerp het dit ten doel om:

- die Grondeisekommissie daar te stel;
- voorsiening te maak vir die samestelling, aanstelling, kwalifisering en vergoeding van lede van die Grondbestuurskommissie;
- voorsiening te maak vir die werksaamhede en magte van die Grondbestuurskommissie;
- voorsiening te maak vir die delegering van magte deur die Minister en die Grondbestuurskommissie;

- voorsiening te maak vir die voorlê van inligting aangaande staatsgrond aan die Grond-bestuurskommissie;
- voorsiening te maak vir die uitspraak van beslissings in dispute waar twee of meer titelaktes uitgereik is ten opsigte van dieselfde grondpakket;
- voorsiening te maak vir administratiewe bystand aan die Grondbestuurskommissie;
- voorsiening te maak vir ondersteuning aan die Grondbestuurskommissie.

*Die Wysigingswet op die Restitusie van Grondregte, 2014*

Om die Wet op die Restitusie van Grondregte, 1994 te wysig om:

- die afsnydatum vir die indien van 'n restitusie-eis te wysig (30 Junie 2019);
- die aanstelling, ampsbekleding, vergoeding en die bepalinge en diensvoorwaardes van regters in die Grondeisehof verder te reguleer;
- groter voorsiening te maak vir die advertering van eise;
- bepaalde oortredings op die wetboek te stel;
- die Minister se delegeringsmagte uit te brei; en
- voorsiening te maak vir sake voortspruitend daaruit.

(In wese beteken dit dat mense wat aan al die vereistes voldoen, nou eise kan instel vir die tydperk ná 1913 (nie vóór nie).

Die vereistes vir kwalifikasie vir restitusie bly dieselfde, te wete dat daar 'n ontneming van die reg tot grond na 19 Junie 1913 moes wees, wat plaasgevind het weens die rasse diskriminerende wette en praktyke van die verlede en dat 'n eis ingestel moet word. Die volgende mense sal eise kan instel:

- Persone wat na 19 Junie 1913 van die reg tot grond ontnem is weens die rasse diskriminerende wette en praktyke van die verlede, wat 'n eis ingestel het;
- Landgoedere wat na 19 Junie 1913 van die reg tot grond ontnem is weens die rasse diskriminerende wette en praktyke van die verlede, wat 'n eis ingestel het;
- Direkte afstammeling van individue wat na 19 Junie 1913 van die reg tot grond ontnem is weens die rasse diskriminerende wette en praktyke van die verlede, wat 'n eis ingestel het;
- Gemeenskappe wat na 19 Junie 1913 van die reg tot grond ontnem is weens die rasse diskriminerende wette en praktyke van die verlede, wat 'n eis ingestel het.

*Die Wetsontwerp op die Waardasie van Eiendom, B54-2013*

Die Wetsontwerp op die Waardasie van Eiendom, 2013 het dit ten doel om:

- Voorsiening te maak vir die daarstel, werksaamhede en magte van die kantoor van die Waardeerder-generaal;
- Voorsiening te maak vir die aanstelling en verantwoordelikhede van die Waardeerder-generaal;
- Voorsiening te maak vir die regulering van die waardasie van eiendom wat vir grondhervorming geïdentifiseer is, asook eiendom wat geïdentifiseer is vir verkryging of vervreemding deur die departement; en
- Voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

In die verduidelikende memorandum wat saam met die wetsontwerp gepubliseer is, word beklemtoon dat die voorwaardes van die voorgestelde wetgewing nie van toepassing sal wees op die waardasie vir die bepaling van eiendomsbelasting ingevolge die Wet op Munisipale Belasting, Wet 6/2004 nie.

*Die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 2013 (ESTA)*

Die Kabinet het die publikasie van die voorlopige wetsontwerp op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg saam met 'n memorandum op 9 Oktober 2013 goedgekeur. Die wetsontwerp volg op besprekings en talle vergaderings wat plaasgevind het deur middel van die NAREG werkgroepproses oor die Groenskrif oor Grondhervorming.



*Mnr Dean Wicks, Voorsitter van Mount Currie B/V in samesprekings met LUR Xaba na die verwoestende vure op 16 Junie 2014.*

Dit het ten doel om die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, 1997 sodanig te wysig om:

- Bepaalde definisies te wysig en in te voeg;
- Die verskaffing van subsidies met verblyftoelae te vervang;
- Die regte van bewoners verder te reguleer;
- Die afsetting van bewoners deur die afdwing van alternatiewe resolusie meganismes soos voor voorsiening gemaak word in die Wet, verder te reguleer;
- Voorsiening te maak vir die daarstelling en werksaamhede van die Bestuursraad vir Grondregte en Grondregtebestuurskomitees;
- Dispute oor grondregte te identifiseer, te monitor en by te lê en om 'n data basis van bewoners, dispute oor grondregte en afsettings daar te stel en by te hou; en
- Voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

*Versterking van relatiewe regte (50% voorstel)*

Op 2 Augustus 2013 is 'n eerste raadgevende werkswinkel deur minister Nkwinti in Soweto gehou waar voorstelle ter tafel gelê is dat 50% van alle plaasgrond aan plaaswerkers gegee moet word op grond van die aantal jare gewerk. Ons het onmiddellik beswaar aangeteken teen die voorlopige beleid en as rede aangevoer dat die voorstelle nie werkbaar is nie, dat dit in alle waarskynlikheid ongrondwetlik is en dat dit mag lei tot disinvestering in die sektor en ook tot onsekerheid in voedselvoorsiening.

By die tweede raadgevende werkswinkel wat op 31 Maart 2014 gehou is, is 'n uitgebreide finale beleidsdokument ter tafel gelê. Die finale konsep maak voorsiening daarvoor dat die historiese eienaar van die grond 50% daarvan behou, terwyl die plaaswerkers eienaarskap van die oorblywende 50% aanvaar in verhouding met hulle bydrae tot die ontwikkeling van die grond, gebaseer op die aantal jare wat hulle daar gewerk het. 'n Beleggings- en Ontwikkelingsfonds sal op die been gebring word wat verteenwoordigend moet wees van al die aandeelhouers in die grond. Die regering sal sy bydrae in die fonds inbetaal. Dit sal nie aan die boer betaal word nie omdat daar geglo word dat die boer genoegsaam voordeel getrek het uit die arbeid wat ontvang is. Hulle verwys daarna as 'uitbuitingslone'.

Kwanalu en Agri SA het hulle steun aan die ideaal van verblyfregsekerheid en die bemagtiging van plaaswerkers opnuut by die werkswinkel bevestig. Ons het dit egter baie duidelik gestel dat ons van mening is dat die huidige beleid mank gaan aan soveel fundamentele gebreke dat dit nie realisties geïmplementeer kan word nie. Die huidige beleid behels nie slegs die afneem van grond sonder vergoeding nie, dit diskrimineer ook teen die landbousektor in vergelyking met ander sektore. Geen boer kan bekostig om 50% van sy of haar plaas te verloor nie. Daar word gevrees dat indien die beleid deurgevoer word, dit voedsel- en veselproduksie ernstig sal benadeel. Dit is nog nie duidelik of die beleid afgedwing gaan word en of boere vrywillig aan die skema kan deelneem nie. Kwanalu en Agri SA het egter aangedui dat hulle geen steun sal verleen aan enige afdwingbare



Roy Dandala, Ontwikkelingsbestuurder van 'n Kwanalu geleide projek spreek boere toe in Dannhauser.

vorm van die beleid nie en indien dit wet word, sal ons die grondwetlikheid daarvan betwis.

Minister Nkwinti het in sy toespraak aangedui dat vordering gemaak word met die formulering van die beleid en dat die departement gedurende die komende twaalf maande sal voortgaan om besprekings met rolspelers te hou. Daar sal ook bi-laterale sessies met belangstellende rolspelers plaasvind. Hy het gesê dat dit nou onder andere duidelik geword het dat dit 'n kwessie van klas, eerder as ras, geword het omdat wit sowel as swart boere hulle teenstand uitgespreek het teen die beleid soos dit tans geformuleer is. Die departement het hom daartoe verbind om 'n voorlopige verslag oor die werkswinkel saam te stel en dit met verloop van tyd onder rolspelers te versprei. Ons het die geleentheid om met ander rolspelers te beraadslaag, verwelkom en ons het ons bereidwilligheid tot deelname aan alternatiewe beleide herbevestig. Die huidige vorm van die beleid kan egter nie gesteun word nie.

Kwanalu het in toenemende mate voortgegaan om ander metodes te vind om 'n volhoubare stelsel van verblyfsekerheid in kommersiële boerderygebiede daar te stel, asook om ander oplossings as teenvoeter vir die minister se aankondigings te vind. Kwanalu is ten gunste van aansporingstoelae aan boere om dienste aan plaaswerkers en hulle behuising te verbeter, asook die daarstelling van 'n plaaswerkertoelae. Daar moet ook meer aandag aan alternatiewe probleemoplossing geskenk word.

Die Aandeleskema vir Plaaswerkers (FES) is reeds sedert 1996 in werking. In wese was dit 'n besigheidsreëling wat plaaswerkers toegelaat het om aandele in landboubedryfsmaatskappye of plase te bekom met behulp van geldelike bystand deur die regering.

Minister Nkwinti het 'n moratorium op sodanige skemas geplaas maar hy het later aangekondig dat die FES weer ingestel gaan word. Dit het nooit gebeur nie. Dit is egter nie 'n rede waarom FES nie weer ingestel kan word en aandeelhouding in die grond en die besigheid kan insluit nie. Eerder as om te probeer om die wiel te herontwerp deur vorendag te kom met 'n totale nuwe beleid, kan die bestaande FES-beleid op 'n meer doeltreffende wyse geïmplementeer word. Plaaswerkers kan aandele in bestaande plase bekom of boere en plaaswerkers kan gesamentlik nuwe plase aankoop deur gesamentlike transaksies.

Afgesien van die FES-skemas, was Kwanalu in besprekings met die provinsiale regering gewikkeld waar opsies vir woonplek weg van die plaas bespreek en van stapel gestuur is. Die opsie is dat grond weg van die plaas af vir plaaswerkers verkry word, waarvoor hulle dan eienaarskap kan kry. Dit moet volhoubare woonplek wees wat oor die nodige infrastruktuur en dienste beskik. Sodanige weg van

die plaas woonplek kan die middelpunt word van nie-boerdery aktiwiteite wat alternatiewe strategieë tot broodwinning van plaaswerkers en hulle gesinne kan ondersteun. Landelike, nie-boerdery aktiwiteite kan agro-prosessering, klein besigheids, kunswerk, toerismeverwante aktiwiteite en alle ander aktiwiteite wat nie direk met boerdery verband hou nie, insluit. Kwanalu glo dat die opsie tot woonplek weg van die plaas af die maklikste sal wees om te implementeer en die minste konflik sal veroorsaak. Kwanalu het tot nou toe met die regering saamgewerk om geleenthede wat hulle mag voordoen, te benut. Dit is 'n uitstekende geleentheid en Kwanalu wil graag hiermee sukses behaal.

Kwanalu is ook aktief op soek na 'n vennoot vir die daarstelling van 'n voorstel vir Dispuut en Mediasie Fasilitering ten opsigte van woonooreenkomste tussen grondeienaars en bewoners op kommersiële plase. Die voorstel word tans geformuleer en indien dit geïmplementeer word, kan dit 'n stap in die regte rigting wees.

Kwanalu is verbind tot die verbetering van die verblyfstoestand, vaardighede en werksomstandighede van plaaswerkers, wat 'n integrale deel van die sektor uitmaak. Ons is ook verbind tot voortgesette deelname in die besprekings wat steeds plaasvind oor verblyfsekerheid in kommersiële boerderygebiede. Daar is waarskynlik nie 'n kits-, een grootte pas almal-oplossing vir hierdie emosiebelaaide en komplekse situasie nie, maar daar is tog 'n reeks opsies wat gevolg kan word om vir almal 'n beter toekoms te verseker.

#### *Wet op Restitusie, 1913 uitsonderings*

Op 14 Mei 2014 is 'n werkswinkel gehou waar 'n voorlopige beleid ter tafel gelê is. Die beleid hou verband met drie uitsonderings op die Wet op Naturelleggrond van 1913:

- Afstammeling van die Khoi en San
- Erfenisterreine
- Geskiedkundige landmerke

Daar word verstaan dat die voorgestelde beginsel nie toegang voor oë gehad het nie, maar eerder "verspreiding en toewysing". Die DRDLR het aanhoudend daarop gesinspeel dat "dit ons missie is om grond te bekom deur middel van erfenis- en landmerke – dit sal deur herverspreiding gedoen word". Die definisie van erfenis- en geskiedkundige landmerke is uiters uiteenlopend. Die saak sal verdere aandag moet geniet omdat dit verreikende implikasies sal hê.

#### *Die wetsontwerp op die Wet op die Bevordering van Eiendomsbelegging, 2013*

Die voorlopige wetsontwerp is gepubliseer deur die Departement van Handel en Nywerheid om voorsiening te maak:

- Vir die wetlike beskerming van beleggers en die beskerming en bevordering van beleggings;
- Om 'n balans van regte en verpligtinge daar te stel wat op alle beleggers van toepassing is; en
- Om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Dit is nog 'n wetsontwerp wat verreikende gevolge kan hê wat nie behoorlik deur die opstellers oorweeg is nie. Daar is tans velerlei uiteenlopende vertolkings en sienings wat rondgaan oor die wetsontwerp op die Bevordering en Beskerming van Beleggings wat saamgelees word met die beslissing deur die Konstitusionele Hof in die saak van Agri SA oor minerale regte en die heropening van die restitusie eiseproses. Dit lyk asof dit die einde van private eiendomsreg in Suid-Afrika inlui (onteiening sonder vergoeding, die einde van eiendomsregte, ens.).

Kwanalu het kennis geneem hiervan en het gevolglik saam met Agri SA die beste moontlike advies van verskeie bronne aangevra, veral wat betref die bewoording van bepaalde klousules en of die bewoording van die wetsontwerp dit wel leen tot sodanige vertolking en of bepaalde klousules die konstitusionele toets sal deurstaan.

Dit is baie duidelik dat die talle wetsontwerpe, beleide, strategieë en ander gebeure wat in die grondruimte plaasgevind het, verreikende implikasies vir ons lede inhou. In reaksie daarop het Kwanalu proaktief opgetree en 'n sleutelrol gespeel om die sektor op die regte plek te plaas ten opsigte van enige geleentheid wat hom voorgedoen het en gelukkig was daar talle sulke geleenthede. Dit is baie verblydend om te sien dat Kwanalu deur deelname en betrokkenheid 'n verskil kon maak, sukses kon behaal, geloofwaardigheid in die hand kon werk en 'n duidelike en beginselvaste benadering kon aanneem en aanbied.

## NAU Trust



Die Natalse Landbou-Unie Trust is gestig in 1998, nadat 'n besluit deur die Kongres geslaag het om die Naunlugebou aan die trust te skenk, deur die lede in die tyd.

Die doelwitte van die trust is:

- om die belange van georganiseerde Landbou in die wydste sin, in KwaZulu Natal te bevorder.
- om enigiets te doen, en om die saak te bevorder, wat in die uitsluitlike diskresie van die trustees, die voorafgaande doelwit sal bevorder.

Die Trust is suksesvol bedryf, en is 'n belangrike bydraer aan Kwanalu in sy strewe om te voldoen aan die bevordering van landbou. Die Trust poog om geleenthede te skep vir donasies en skenkings deur Boereverenigings of individue. Skenkings is belastingaftrekbaar.

Indien u sou belangstel om finansiële by te dra tot die Trust, sal dit baie waardeer word. Die Bank besonderhede is: FNB – Hayfields, Takkode 221425, en die Rekeningnommer is 62011348770.

Vir verdere inligting kontak asseblief Sandy La Marque on 033-342 9393.

### Landelike veiligheid en sekuriteit

Die veiligheid en sekuriteit van lede is een van die strategiese sleutelgebiede waaraan die organisasie aandag skenk. Die geld vir Kwanalu se sekuriteitslessenaar word deur donateurs verskaf. Die diens het die volgende ten doel:

- Verteenwoordig Kwanalu in provinsiale strukture:
  - Provinsiale vergaderings.
  - Provinsiale veediefstal.
  - Provinsiale nie-yster metaalwerkersgroep.
- Voortsetting van diens en opvolg.
- Insameling van besonderhede en misdaadstatistieke (insluitend byvoorbeeld plaasarbeid, ens.)
- Voorleggings vir proaktiewe optrede en operasionele beplanning.
- Staan lede by met basiese advies oor kriminele sake, prosedure en stappe wat geneem kan word.
- Kommunikasie met die media.
- Kwanalu se riglyndokumente.
- Lewer kundige getuienis in hofsake.

Kwanalu is 'n proaktiewe organisasie en as sodanig word deurentyd onder andere aanbevelings gedoen en na ons mening is dit bydraend tot die hoë mate van sukses wat lei tot die oplossing van velerlei sake:

- Die daarstelling van 'n veiligheidsnetwerk.
- Die ontwikkeling van 'n goeie werksverhouding met die plaaslike polisiekantoor.

- Die implementering van deeglike sekuriteitsmaatreëls op jou plaas.
- Die saamstel van 'n akkurate databasis van kontaknummers in geval van nood.
- Die opstel van veiligheids- en moontlike bewegingsplanne indien die behoefte daaraan ontstaan.
- Die daarstelling van 'n kommunikasienetwerk.
- Die byhou van akkurate en op datum rekords van alle werknemers. (Maak altyd seker dat werknemers se dokumente in orde en korrek is).
- Wees betrokke by jou plaaslike veiligheidstruktuur.
- Neem deel aan die radio netwerk.
- Voer proaktiewe gesprekke met plaaslike SAPD-kantore en aktiewe sekuriteitsmaatskappye, rampbestuursforums, ens. deur middel van jou boerevereniging. Bring die Op die Plaas Protokol, Aanvalprotokol en ander bruikbare dokumente onder hulle aandag.
- Oorweeg enige ander praktiese stappe wat nodig mag wees om jou huis en haard te beskerm.
- Onthou om binne die wet op te tree anders word jy nie beskerm nie en kan jy aanspreeklik gehou word vir jou dade.

Die onderstaande inligting wat deur Kwanalu saamgestel is, is 'n eenvoudige ontleding van plaasmoorde en –aanvalle wat gedurende die tydperk 2012/2013 in KwaZulu-Natal plaasgevind het. Die ontleding is slegs gedoen in kommersiële boerderygebiede maar dit sluit alle persone in wat op kommersiële plase in hierdie gebiede woon.

#### Plaasmoorde

Moorde	Ouderdomsgroep				
Slagoffers	30	40	50	60	70
Totaal		3	5	4	2

#### Plek van Aanval

Plaashek	1 By tuiskoms
Plaaswerf	1 Sekuriteitswag geskiet, motief onbekend 1 Plaasbestuurder het die huis verlaat om werkers op te laai. Geen motief – niks is geneem nie
Plaashuis	6 Roof – geen geforseerde toegang (4 vroegeand - 1 gedurende die dag toegang verkry deur oop deure) 1 In lokval geleë en deur indringers geskiet toe hy sy huis om ongeveer 12:00 binnegaan. Geen geforseerde toegang, huis is ooggelaat (Sekuriteitsmaatreëls was moontlik in 4 van die 6 gevalle)
Stoep van plaashuis	1 Geskiet terwyl hy op die stoep gesit het
Oop veld op plaas	1 Geskiet terwyl hy navraag gedoen het oor wat onbekende persone op die plaas soek 1 Geskiet deur oortreders wat gearresteer is en 'n vuurwapen gebruik het in 'n poging om te ontsnap
Plaas-winkel	1 Geskiet terwyl besig met melkverkope in winkel

#### Oorsaak Van Dood

Doodgeskiet	10
Doodgesteek	2
Doodgeslaan	2

#### Artikels/Goedere Geneem – Top 4

Voertuie	8
Vuurwapens	7
Kontant – (saakvoorvalle)	
Selfone	5

### Algemene notas:

Daar word in ag geneem dat daar hangende hofsake mag wees en dat geen getuienis in die hof gelewer is oor die motiewe vir die aanvalle of die betrokkenheid van werknemers of voormalige werknemers nie.

Dit wil voorkom asof daar geen direkte verband tussen ras, grond of politiek as motiewe in die moorde was nie.

In 13 van die 14 moorde is arrestasies gemaak, een geval is moontlik huishoudelike geweld – geen arrestasie is gemaak nie.

### Opsomming:

Totale aantal moorde 14

- Bedags = 5
- Snags = 9
- Die mees kwesbare ouderdom 60-70 jaar
- 31 aanvallers was betrokke

Dit is interessant om te merk dat slegs een van die veertien slagoffers 'n lid van Kwanalu was.

### Plaasaanvalle

Slagoffers	
S/Manlik	20
W/Manlik	46
I/Manlik	18
S/Vroulik	5
W/Vroulik	37
I/Vroulik	9
<b>TOTAAL</b>	<b>135</b>

Nota: 17 slagoffers uit die 90 sake is lede van Kwanalu.

### Plek van Aanval en Motief – slegs vier hoofplekke

Plaaswerf	Voorgegee dat hulle beeste/hoenders wou koop	11
Plaashuis	Ingebreek	16
	Toegang deur oop deur tussen 06:00 en 18:00	7
	Toegang deur oop deur tussen 18:00 to 06:00	10

### Aanvalsmetode – mees algemene

Vuurwapens gebruik	59
Messe gebruik	18

Securiteitsmaatreëls in 12 uit 33 voorvalle waar securiteitsmaatreëls gegeld het.

Aantal aanvallers betrokke 243

### Artikels/Goedere Geneem – boonste 4 uit 23 soorte artikels/goedere

Ammunisie (rondes)	68
Kontant (saakvoorvalle)	45
Vuurwapens	43
Selfone	41

### Waarnemings:

1. Dit is opmerklik dat daar in baie gevalle nie voldoende securiteitsmaatreëls gegeld het nie
2. Oortreders het geweet dat daar groot bedrae kontantgeld op die plaas was, hetsy lone of opbrengste uit veeverkope (in een geval was daar 'n kontantbedrag van meer as R100 000.)
3. In 2012 - 21 gedurende 45 ure daglig
4. In 2013 - 29 gedurende 45 ure daglig

Die werksaamhede van Kwanalu se securiteitslessenaar oefen steeds 'n direkte invloed uit op landelike veiligheids-



*Verwoestende verliese van mense-lewe, wonings en geboue asook lewende hawe was ervaar op 'n groot skaal.*

en sekuriteitsake in die provinsie. Daar word wel nog swak diens aan plase in sommige gebiede gelewer, maar 'n woord van groot waardering word uitgespreek teenoor die talle toegewyde polisielede wat dikwels uit hulle pad gaan om ons lede te help.

### Ter afsluiting

Die tyd laat ons nie toe om al Kwanalu se werksaamhede en die suksesse wat gedurende die afgelope jaar behaal is, uitvoerig te bespreek nie.

Dit was 'n besige jaar waarin van Kwanalu verwag is om die leiding te neem en duidelike standpunte namens ons lede uit te spel. Kwanalu was dikwels in die nuus en ons stem is hard en duidelik gehoor in geskrewe, elektroniese en ander media-bronne.

Regdeur die jaar het Kwanalu verskeie dokumente vrygestel met riglyne en advies wat saamgestel is nadat regsmenings verkry is of nadat huidige wetgewing en ander bronne geraadpleeg is.

Kwanalu se webblad en e-posstelsel aan lede word steeds benut om belangrike inligting onmiddellik oor te dra.

Kwanalu het ook die unieke geleentheid gehad om deel te wees van die Premier se Taakspan waar insette gelewer kon word in besprekings oor die werksaamhede van KZN se Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (DvL&LO). Na afloop van die verkiesings het ons 'n nuwe LUK in die landbousektor verwelkom. Tydens samesprekings met Kwanalu en kommoditeitsgroepe is die volgende drie hoofprioriteite geïdentifiseer:

- Om 'n raadgevende struktuur in samewerking met kommersiële landbou daar te stel. Dit is noodsaaklik om vertroue te bevorder en groei en stabiliteit in die hand te werk.
- Om vennootskappe met die kommersiële sektor aan te gaan. As die raadgevende struktuur eers daargestel is en daar is onderhandel vir vertroue, groei en stabiliteit, sal transformasie volg. Dit is uiters moeilik om 'n sektor te transformeer as die sektor geen groei beleef nie. Daar is baie kommersiële boere wat gewillig is om behulpsaam te wees met transformasie en projekte met betrekking tot die oordrag van vaardighede, maar weens 'n gebrek aan besluitnemingsvermoëns en werklike toewyding in die DvL&LO, gebeur daar niks met die projekte nie.
- Om die navorsings-, voorligtings-, veeartsenykundige en opleidingskomponente van die DvL&LO in staat te stel om vaardighede te bekom en hulle werk te doen. Eens op 'n tyd was hierdie komponente van wêreldgehalte en hoekstene van die landbousektor in die provinsie. Dit is dringend noodsaaklik dat alles moontlik gedoen moet word om vertroue in hierdie komponente te herstel.



Kwanalu sal steeds gesprek voer met die LUK en die DvL&LO en ons is optimisties oor stabiliteit en ekonomiese groei wat in die sektor en die provinsie tot stand gebring kan word as kommersiële landbou geleentheid gebied word om op 'n meer betekenisvolle wyse en 'n gelyke speelveld mee te doen.

Kwanalu is 'n leierorganisasie oor landbousake en ons geniet groot geloofwaardigheid op nasionale, sowel as provinsiale vlakke, waar ons oral betrokke is. Om stabiliteit aan te help, moet boereverenigings op plaaslike vlak by munisipale sake betrokke raak. Hulle deelname daar kan nie gering geskat word nie.

Kwanalu het steeds 'n sterk institusionele struktuur met 'n goed verteenwoordigende ledetal van 71 boereverenigings en 32 distriksverenigings, kommoditeits- en Agribesigheids-affiliasies. Die verenigde bedingingsmag wat dit meebring, het groot waarde. Die klein personeelkorps bestaande uit Ethel, Lyn, Rita, en Nonjabulo en Koos bring steeds hulle kant en hou die fort in die administratiewe afdeling. Hartlik dankie aan hulle vir hulle volgehoue toewyding.

Ongelukkig laat die ruimte nie toe dat verslag gedoen word oor baie ander sake wat waarskynlik deur sommige van ons as klein en niksbeduidend beskou sal word, maar soos reeds genoem, vir ander van groot belang mag wees nie.

Ons bly toegewyd aan die stigtingsbeginsels van Kwanalu, sy mandaat en sy lede om te verseker dat die Organisasie getrou bly aan sy Grondwet en om onder andere, landbou en boerdery te bevorder as belangrike draers tot landelike ontwikkeling en maatskaplike hervorming.

### Die tien belangrikste redes waarom dit so lekker is om 'n landbouer te wees!

Indien u ooit sou wonder waarom u as landbouer die beste werk in die wêreld het, kyk na die lys hieronder.

10. **Buitelug** – niks kom by die reuk van vars lug of beter nog, die reuk van vars gesnyde hooi nie!
9. **Prettoerusting** – In watter ander werk kan mens groot trekkers, stropers, sproeiers of enige iets anders bestuur?
8. **Weer** – Jy weet altyd wat die weer gaan doen, selfs al wil jy nie weet nie.
7. **Jy's jou eie baas** – Nouja, afgesien van Moeder Natuur – maar dis 'n ander storie.
6. **Werksekuriteit** – Solank daar grond is om op te boer en monde om te voer, sal boere die belangrikste werk ooit doen.
5. **Boerderygemeenskappe** – Daar is nie nog 'n gemeenskap soos 'n boerderygemeenskap nie. Niemand is vreemd vir mekaar nie al is daar dalk 'n paar wat jy nog nie ken nie. As 'n boer ten gronde gaan, staan die hele dorp saam om die drade wat hy of sy laat val het, op te tel.
4. **Geen nodigheid om te was nie** – Jy het 'n verskoning om vuil te wees en te bly. In die goed gekose woorde van Will Rogers: "Wat hierdie land nodig het is vuiler vingernaels en skoner gedagtes." Vuil naels wys meer as vullis. Dit is 'n toonbeeld van werksetiek, dissipline en die mees onselfsugtige werkers in die wêreld.
3. **Kennis** – Wie anders as 'n landbouer weet meer van die weer as 'n weervoorspeller, meer van trekkers as 'n werktuigkundige en meer van hulle grond as enigiemand anders.
2. **Die uitsig** – Jou kantoor het die mooiste uitsig – die buitelug, die heerlike geure en die aarde onder jou voete. Wat is beter as dit?
1. **Die beste deel?** Jy gee kos aan die mensdom. Daar is nie baie van ons wat dit oor ons werk kan sê nie.

## Sekuriteits Lessenaar

deur Koos Marais

**G**eorganiseerde landbou het nog 'n frustrerende jaar met die hantering van misdaad ondervind. Die onvermoë van die regstelsel om misdaad aan te spreek, toenemende werkloosheid en armoede sal ongetwyfeld 'n toename aan misdadigheid op plase teweeg bring, waar boere en plase as sagte teikens gesien word.

Teveel gevalle word aangemeld van lede van die SAPD wat versuim, selfs weier om 'n kriminele saak oop te maak waar daar geen twyfel bestaan dat 'n kriminele oortreding gepleeg is nie. Die versuim weerspieël nie 'n ware prentjie van misdaad in 'n gebied om die SAPD in staat te stel om elektief by te staan met voorkomende beplanning en misdaad op plaaslike vlak aan te spreek nie.

Borgtog word as 'n reg gesien en menige verdagtes word binne ure vrygelaat. Misdadigers het net nie respek vir die regstelsel nie en voel dat hulle vrye teuels het om misdaad te pleeg.

Meer kommerwekkend is die regering se onvermoë om toenemende tendens van diefstal van produksie, die diefstal van nie edele metaal en veediefstal wat elke veeboer affekteer, aan te spreek nie. Die finansiële invloed van hierdie misdaad op kommersiële boerdery kan nie gemeet word nie.

Statistiek toon dat daar 3 plaasmoorde gedurende die eerste 5 maande van 2014 plaasgevind het teenoor 2 vir die ooreenstemmende tydperk in 2013. Vir dieselfde tydperk was daar 12 plaasaanvalle in 2014 teenoor 23 in 2013. Daar was 10 moorde en 47 aanvalle gedurende 2013 vergelykend met 4 moorde en 45 aanvalle gedurende 2012.

Kommunikasie met die verskillende SAPD eenhede bly goed en daar bestaan 'n goeie werkende verhouding. Plaasaanvalle geniet SAPD ondersoek van hoogstaande gehalte en arrestasies vind in meeste gevalle plaas. Dit is egter noodsaaklik om 'n goeie werkende verhouding op ons eerste vlak van kontak te handhaaf sodat veiligheidsaangeleenthede onmiddellike aandag kan geniet.

Die SAPD se Nasionale Plattelandse Veiligheids Strategie is redelik suksesvol in gebiede waar goeie kommunikasie en verwantskap met die SAPD bestaan en noemenswaardige diens word gelewer.

Die versuim van die regering om die grond hervormingsbeleid uit te voer bly 'n groot veiligheidsfaktor en dra by tot misdaad en gebrek aan stabiliteit in die platteland.

Die Sekuriteitslessenaar is steeds daartoe verbind om aandag te skenk aan sake rakende die belange van Kwanalu se lede.

Van die lessenaar se funksies is:

- 1 Bemiddeling en skakeling ten opsigte van probleme tussen grondeienaars en/of die Suid Afrikaanse Polisie Diens en/of ander Regerings Departemente.



- 2 Verteenwoordig Kwanalu lede in die Provinsiale strukture van die landelike Beskermingsplan en die Nasionale Veiligheidskomitee om oop werkende kommunikasiekanale tussen veiligheidsstrukture te verseker.
- 3 Versamelde inligting en statistiek van misdaad teen georganiseerde landbou word aan die SAPD voorsien vir proaktiewe aksie en operasionele beplanning.
- 4 Daar word aandag geskenk aan plaasveiligheid. Boerevereniging vergaderings word bygewoon waar sake rakende veiligheid en misdaad aangespreek word.
- 5 Die lessenaar staan lede by met basiese advies oor kriminele sake, regsprosedures en stappe wat geneem kan word.
- 6 Lede word ingelig van belangrike inligting en aangeleenthede aangaande veiligheid.
- 7 Waar bepaalde mate van publisiteit geniet kan word, kommunikeer die lessenaar met die media.
- 8 Rekords en statistiek van bepaalde insidente aangaande sekuriteit word bygehou om standpunte te onderskryf of vir besprekingsdoeleindes met verskillende regeringsdepartemente. Ongelukkig word heelwat voorvalle nie onder die lessenaar se aandag gebring nie en moet daar van amptelike kanale gebruik gemaak word om soveel moontlike inligting in te win. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting aan die lessenaar oor te dra sodat meer akkurate statistiek voorgelê kan word.
- 9 Deur die lessenaar word 'n proses van kontinuiteit van diens en opvolg gehandhaaf.

Wees proaktief en wees 'n rolspeeler in die voorkoming en aanspreek van misdaad. Moet nie oor misdaad kla as ons nie misdaad aanmeld nie. Ons moet persoonlike verantwoordelikheid vir ons eie beveiliging en die beveiliging van ons gesinne, werknemers en besittings aanvaar. Dit is per slot van sake ons grootste bates.


## Bedryfverslae

### SA Rietkwekersvereniging

deur Jayne Ferguson

**R**IETKWEKERS is die nasionale organisasie wat 23 866 private suikerrietkwekers verteenwoordig. Hulle boer hoofsaaklik op klein familieplase en lewer 'n gemiddelde jaarlikse produksie van 19.9 miljoen ton suikerriet. Hulle jaarlikse bydrae tot die ekonomie beloop ongeveer R7.9 biljoen. RIETKWEKERS is 'n nie-rassistiese, a-politiese organisasie wat die belange van alle suikerrietkwekers op die hart dra, ongeag van die grootte van die onderneming.

Tydens die seisoen van 2013/14 het die suikerrietoes na normaal teruggekeer met die lewering van 20 032 969 ton wat 2 343 650 ton suiker opgelewer het. Die finale HW-prys vir die 2013/14-seisoen was R3 137.87 per ton HW. Dit is 'n vermindering van 1.37% vergeleke met die finale prys vir die vorige seisoen. Die totale inkomste verdien



deur kwekers en versprei deur die HW-prys het met 17.6% gestyg tot R7.943bn vanaf R6.755bn in 2012/13.

Die ongehoorde styging in ingevoerde suiker, hoofsaaklik vanaf Brasilië, het 'n belangrike uitwerking op die 2013/14-seisoen gehad en het beduidende negatiewe gevolge vir kwekers ingehou. Die aankondiging deur die Internasionale Kommissie vir Handelsadministrasie van 'n verhoging in die Dollar Gebaseerde Verwysingsprys (DBRP), het na baie jare aanleiding gegee tot die daling in tariefvlak van 'n ondoeltreffende DBRP wat dit uiteindelik op 'n nul-tarief te staan gebring het. Dit is in die allerbeste belang van Suid-Afrika dat industrieë wat groot bydraes maak tot die ontwikkeling en transformasie van die verafgeleë landelike gebiede van die land, die ondersteuning van sowel Suid-Afrikaanse verbruikers as vervaardigers geniet.

Die oorsig deur Kwekers en Meulenaars van die strategiese werking en wetlike raamwerk van die suikerbedryf is gedurende 2013/14 deur die partye gefinaliseer. Die beginsels waarop ooreengekom is deur die afdelings, is aan die Departement van Handel en Nywerheid (DHN) voorgelê vir oorweging tydens die herskrywing van die Suikerwet en Suikerindustrie-ooreenkoms. RIETKWEKERS is besig met die strategiese posisionering van hulle hulpbronne om aan die geïdentifiseerde behoeftes van kwekers te voldoen namate die bedryf aanbeweeg na die nuwe omgewing van vertikale snye.

Die ontwikkeling van kweker-leierskap is van die allergrootste belang vir die organisasie. RIETKWEKERS het 'n afdeling vir kwekervolhoubaarheid daargestel wat vrugte afwerp namate die deelnemende kwekers meer betrokke raak by kwekerstrukture en volhoubare suikerrietboerderybesighede. Die program word uitgebrei om kwekerleiers uit die kleinskaal kweeksektor in te sluit.

Die finalisering van die regering se grondhervormings-program is van die uiterste belang vir 'n suksesvolle en volhoubare suikerrietkwekende sektor in Suid-Afrika. Die beginsels wat verband hou met grondhervorming, geniet RIETKWEKERS se heelhartige ondersteuning en kwekers het hulle deur die bank openlik agter die proses geskaar. Daarom is dit kommerwekkend dat die finalisering van die restituisie grondeise ten opsigte van gebiede onder suikeraanplantings verder vertraag word deur die heropening en verlenging van die datum waarop verdere grondeise ingedien kan word. Dit is gebiedend noodsaaklik dat die saak so gou moontlik afgehandel word op 'n wyse ter bereiking van die doelwitte van die program en wat ruimte laat vir volle vertroue om in die sektor vir die kweek van suikerriet te belê.

Uiteenlopendheid in die produksie van produkte uit suikerriet wat waarde toevoeg, is 'n integrale deel van RIETKWEKERS se visie om by te dra tot die groeiende inkomstebasis van die bedryf en om 'n billike basis te verseker sodat alle deelnemers deel kan hê in die opbrengs. 'n Innovasiegroep het ondersoek ingestel na geleenthede vir kwekers in hierdie verband.

### KZN Katoenkwekersvereniging

deur Phenias Gumede

**T**ydens die afgelope bemarkingseisoen wat op 31 Maart 2014 ten einde geloop het, het die produksiegebied in KwaZulu-Natal 2 862 bale katoenpluis gelewer. Dit verteenwoordig ongeveer 11%

van die totale Suid-Afrikaanse pluksel. Nagenoeg 80% van die pluksel is afkomstig vanaf plaaslike kleinskaal katoenboere, terwyl die balans geproduseer is deur 'n kommersiële boer in KwaZulu-Natal. Ongeveer tweederdes van die pluksel is deur die Loskop katoenpluismeule gepluis en die res deur die Makhathini katoenpluismeule wat teen die einde van 2013 weer in bedryf gestel is. Die pluksel, wat hoogstens onder droëlandtoestande aangeplant is deur ongeveer 530 boere op kleinhoues, is die grootste katoenpluksel uit KwaZulu-Natal die afgelope ses jaar.

Die totale Suid-Afrikaanse pluksel vir die huidige bemarkingseisoen word op ongeveer 43 500 katoenpluis bale geraam, 67% meer as in die vorige seisoen. Die verwagte pluksel vir die huidige seisoen sal ongeveer 2 068 bale beloop. Dit sal hoofsaaklik kom van plaaslike katoen kleinboere wat op droë land boer, asook van een kommersiële boer in KwaZulu-Natal. Die grootste gedeelte van die pluksel sal na verwagting by die Makhathini katoenpluismeule gepluis word.

Op die internasionale front het katoenpryse min of meer konstant gebly vergeleke met dieselfde tyd verlede jaar, maar in randterme is dit ongeveer 17% hoër weens die verswakking van die wisselkoers.

Meer as 1 000 Suid-Afrikaanse katoen kleinboere het sedert 2001 baat gevind by Katoen SA se opleidingskursusse in formele vaardighede. Meer as 'n derde hiervan is afkomstig van KwaZulu-Natal.

## Bosbou Suid-Afrika

deur Roger Godsmark

Na jare van onderdrukte handelstoestande vir bosbou, het die situasie in 2013 dieselfde gebly. Die laagste houtverkope sedert 2009 is aangeteken, naamlik 14.474mt vir die jaar. Afgesien daarvan dat hierdie tonnemaat 361 000 ton minder as in 2012 is, was dit desnieteenstaande 74 000 ton meer as waarvoor begroot is. Uiteraars kommerwekkend egter, is die feit dat weens opeenvolgende jare van lae tonnemaat verkope en 'n gevolglike afname in die Vereniging se reserwes, die werklike gevaar bestaan dat BSA tegnies insolvent kan wees teen die einde van 2013. Dringende stappe in die vorm van 'n verhoging in verkoopsheffing van R1.59 per ton tot R1.76 per ton vanaf 1 Julie 2013, moes geneem word om die situasie te beredder. Dit, tesame met beduidende verbeterings in houtverkope in die tweede helfte van die jaar, het daartoe gelei dat die Vereniging die jaar met 'n redelike surplus (in plaas van 'n verlies) kon afsluit. Die is bemoedigend dat houtverkope vir die eerste drie maande van 2014 steeds opwaarts neig en daar word nou gehoop dat die bedryf uiteindelik 'n draaipunt ten opsigte van handelstoestande bereik het. Die uiters suksesvolle AJV wat op 15 Mei 2014 by die Fern Hill Hotel naby Howick gehou is, is goed bygewoon. Mnr Murray Mason, 'n verteenwoordiger van medium houtkwekers, is as die Vereniging se voorsitter verkies en mnr Watson Nxumalo, 'n houtkweker van Zoeloeland wat op klein skaal boer, is die vise-voorsitter.

Weens die deurlopende vloei van nuwe regulasies, beleid en wetgewing wat van Pretoria afkomstig is en waarvan baie ons lede nadelig kan beïnvloed, is BSA gedurende die afgelope jaar baie besig gehou met die beskerming van ons lede se belange. Ruimte ontbreek om 'n volledige

verslag oor al die sake voor te lê, maar van die belangrikste sake word hieronder bespreek.

- **Bosbounavorsing:** Die grootste gedeelte van BSA se begroting word bestee aan bosbounavorsing. In 2013 het die bedrag R12.8 m of 43% van die totaal beloop. Die oorgrote meerderheid hiervan (R11.3 m), gaan aan die Instituut vir Kommersiële Bosbounavorsing. Die geld het egter dramaties verhoog na goedkeuring deur die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DST) van BSA se aansoek vir die daarstelling van 'n Spesifieke Innovasiefonds. Daarvolgens word R25 miljoen oor die volgende drie jaar na BSA oorgedra vir bosbounavorsing en ontwikkeling. Dr Heath se salaris sal hieruit betaal word.
- **Bosbeskerming:** Die tweede grootste gedeelte van BSA se begroting word toegewys aan bosbeskermingsaktiwiteite – R7.7 m of 26% in 2013. Dit is as gevolg van die deurlopende bedreiging wat verskillende peste en siekte wat die land binnekom vir die bedryf inhou. Die nuutste hiervan is koejawelroes en wattelroes. Om hierdie bedreigings hok te slaan, kan die bedryf gelukkig staatmaak op die Instituut vir Landbou-Biotegnologie, 'n instansie van wêreldgehalte wat by die Universiteit van Pretoria geleë is. 'n Aantal programme in hierdie verband is tans aan die gang (bv. *Pitch Canker*, *Thaumastocoris*, *Leptocybe*, ens.) maar die belangrikste hiervan is die Sirex Beheerprogram wat R5.8 m in 2013 ontvang het en waarvan DAFF R3.4 m voorsien het. Hopelik sal DAFF die befondsing vir bosbeskermingsaktiwiteite verhoog na aanleiding van die ontwikkeling en goedkeuring van die bedryf se Bosbeskermingstrategie.
- **Probleme met bosaanplanting:** Soos verlede jaar berig, het BSA nog geen ooreenkoms met die Departement van Wateraangeleenthede bereik oor hulle beleid aangaande sake soos Gebieds- en Generawisseling nie. Daar bestaan ook kommer oor die eensydige (en onwettige) las wat die DWA plaas deur die uitreiking van nuwe lisensies vir watergebruik. Sodanige optrede is 'n stok in die wiel van bosbouontwikkeling en baie min lisensies is as gevolg daarvan uitgereik. Dit is 'n uiters frustrerende situasie. Op 'n meer positiewe noot – BSA was betrokke by samesprekings met KZN se Departement van Landbou en Omgewingsake aangaande ondersteuning vir bosbouontwikkeling in die provinsie.
- **Omgewingsake:** Daar is aan heelwat sake aandag geskenk deur BSA se Omgewingsbestuurskomitee en die Vereniging se omgewingskonsultant, dr. John Scotcher. Van die belangrikste is:
  - Die finalisering van 'n Sertifiseringstandaard vir FSC Suid-Afrika.
  - Suksesvolle drukuitoefening deur die FSC vir 'n beperking op die gebruik van paraquat om voorbrande te maak.
  - Die loods van 'n drie jaar-projek om die sertifisering van klein private boseienaars te fasiliteer.
  - Die produksie van 'n nuwe uitgawe van ons Omgewingsriglyne.
  - Drukuitoefening ten opsigte van klimaatsveranderingsake en die moontlike instelling van 'n koolstofbelasting (gelukkig is dit weer eens uitgestel).



- Voorleggings gedoen aan die betrokke owerhede ten opsigte van verskillende gedeeltes van regulasies en wetgewing wat met die omgewing en water verband hou.
- **Raad vir 'n handves oor die bosbousektor:** Na die ontslag van die tweede uitvoerende direkteur van die Raad, wat agt maande in die pos aangebly het, het die bedryf en die regering ooreengekom dat BSA se uitvoerende direkteur en die handvesnakomingsbeampte van DAFF BBEE, saam die bestuur van die Raad sal behartig totdat 'n nuwe voltydse uitvoerende direkteur aangestel is. 'n Aanstelling sal binnekort gedoen word. Daarby moet die volgende gemeld word:
  - Kodes vir vennootskappe van boskwekers (buitekweker skemas) is ontwikkel en goedgekeur.
  - 'n Proses is aan die gang om die voordele (of andersins) van die gelykstelling van die bedryf se huidige kodes met die generiese kodes wat deur die Dti gepubliseer is, te ondersoek met die oog op die nakoming van BBEE-vereistes.
  - Die laaste verslag oor die stand van BBEE in die bedryf het aangedui dat goeie vordering met pogings tot transformasie deur die bedryf gemaak is.
- **BSA Besigheidsontwikkelingseenheid:** Die eenheid fasiliteer besluitnemingsprosesse wat vir kleinskaal kwekers van belang is en hanteer ook die ekonomiese ontwikkeling van die sektor. Gedurende die jaar het die eenheid onder andere:
  - Besigheidsontwikkelingskomitee tot stand gebring. Daar is ook 'n bosbouberaad gehou waar probleme wat deur kleinskaal kwekers ondervind word, bespreek is – gebrek aan ontwikkelingsfondse en vaardighede is twee van die belangrikste;
  - Kwekersontwikkelingsprogram tot stand gebring wat dit ten doel het om te help met die voorsiening van tegniese raad en befondsing;
  - Betrokke geraak by 'n gesamentlike DAFF/BA taakspan om 'n ontwikkelingsfonds vir bosondernemings daar te stel en
  - Beheer uitgeoefen en tegniese opleidingsessies gereël.

Bogenoemde is slegs enkele van BSA se aktiwiteite wat gedurende die verslagjaar plaasgevind het. Volledige besonderhede is in ons Jaarverslag vir 2013 vervat. Kyk daarna by [www.forestry.co.za](http://www.forestry.co.za).

Alhoewel BSA hoofsaaklik te make het met sake wat met bosbou verband hou, is daar tog vele ander soos grond- en vervoersake wat meer landboukundig van aard is. Ons doen daarom met plesier verslag oor die uitstekende werksverhouding wat ons met Kwanalu en Agri SA handhaaf. Ons werk toenemend saam aan velerlei sake en dit is 'n riem onder die hart vir ons.

## Natal en Oos Griekwaland Wolkwekersvereniging

deur Hendrik Botha en Bom Louw

Op 4, 5 en 6 Februarie 2014 het die streeksvergaderings van KZN-NWKV en die RPO op Groenvlei naby Wakkerstroom en Dundee in Noord-KwaZulu-Natal plaasgevind, asook by Bergville en Weston Landboukollege in Sentraal KwaZulu-Natal en Swartberg

in Suid-KwaZulu-Natal. Die bywoning was goed met 256 boere wat opgedaag het.

As gassprekers het opgetree Andries Wiese van Mutual & Federal Agri en Cobus Oosthuizen van LifeXchange. Cobus het 'n insiggewende praatjie gelewer oor die funksionering van die brein.

NWKV-Mutual & Federal se Beste Ekonomiese Geklasseerde Skeersel in KZN vir 2013 is toegeken aan C L Bryden en ontvang deur John Mohaud.

'n Handleiding "Guidelines for Livestock Farming," wat heelwat toepaslike inligting oor voeding, teling, bestuur en algemene boerdery bevat, is weer by die streeksvergaderings versprei.

Die NWKV is waar moontlik betrokke by al die provinsiale forums oor predasie, dieregesondheid en die RPO. Ons reël kursusse oor onder andere skaaphantering en omheining waar benodig. Ons was ook betrokke by die skaapskeerkompetisie by die EG Encounter. Ons het ook 'n stalletjie by die Fees gehad wat wolprodukte bevorder en verkoop het.

'n letwat anders vag- en kuddekompetisie is by Groenvlei gehou. Al het die weer nie so goed saamgespeel nie, het ons 'n wonderlike dag gehad met 20 vagte wat meegeding het. Groepe van agt ooie is op 'n lineêre basis beoordeel en die dag is afgesluit met 'n skaap op die spit. Voermol en Zoetis was die borge vir die dag.

Die NWKV se stalletjie by die Royal Skou het weer eens 'n goue medalje ontvang. Die kledingstukke wat te koop aangebied is, is deur modelle vertoon. Meer as 3 000 mense het die skeerdemonstrasies gedurende die Skou bygewoon. Dit was die eerste jaar dat die NWKV 'n stalletjie gedeel het met Shannon Gilson van Swartberg. Sy het pragtige foto's, garingstowwe, vilt, toppies en wolkledingstukke uitgestal en het ook twee vroue saamgebring wat wolkaarding en spintegnieke aan omstanders kon demonstreer. Dié wedersydse samewerking by die Skou kan in die toekoms voortgesit word.

Die twee voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou in KZN wat aan die NWKV gesekondeer is om met voorligting oor wolskape te help in die Umzimkhulu en Nquthu gebiede, is nou op dreef en die organisasie in die gemeenskappe is aan die gang. Individuele boere bemark nou hulle wol in groepe en dit bring groter geldelike wins mee.

## KZN Plumvee Instituut

deur Janet Lee

Kommersiële pluimveeprodusente in KwaZulu-Natal het 'n moeilike jaar beleef en was vasgevang tussen rekordhoë voerpryse, negatiewe markte en die publiek wat die verkeerde persepsies gehad het oor oormatige water in hoenderprodukte.

Wat opleiding in die pluimveebedryf betref, lyk die prentjie egter heelwat anders. Kleiner boere is gretig om betekenisvolle verskaffers te word en hulle beshede uit te brei. By KZ-NPI is ons bevoorreg om baie van hierdie mense te ontmoet wanneer hulle opleiding by ons ondergaan. Hulle vertel almal dieselfde neerdrukkende verhaal van apatie en soms blatante dwarsboming deur regeringsdepartemente wat eintlik daargestel is

om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van agri-besighede.

Die KZ-NPI het optredes regoor die provinsie uitgebrei met voorleggings aan regeringsdepartemente en munisipaliteite, veral in die noordelike gedeeltes van KZN. In die aanloop tot die verkiesing in Mei vanjaar, was daar 'n huiwering te bespeur in die verlening van steun aan opleiding, maar belangstelling het egter nou weer opgevlam.

Ons was betrokke by loopbaanuitstallings by skole en het gehoop om skoolverlaters na 'n toekoms in die landbou te lok. Ook in ons visier is boeredae. Dit is plekke waar produsente aangemoedig en ingelig kan word.

Gedurende die afgelope jaar het ons aan 320 mense opleiding verskaf by ons instituut in Pietermaritzburg, asook aan 80 mense op terreine by kliënte se eiendom en 'n verdere 140 het opleiding ontvang in samewerking met SA Pluimveevereniging op plekke regdeur die land. Braaikuikenproduksie bly die gewildste opleidingskeuse, maar belangstelling in sowel broeihoenders as braaikuikenbestuursprogramme toon geweldige groei. Die vraag na besigheidsvaardighede ten opsigte van pluimvee bly hoog en dit dui op die groeiende begrip onder ontwikkelende produsente van die noodsaak tot hierdie vaardighede om ondernemings in stand te hou.

Versoeke vir opleiding van die groot vertikaal geïntegreerde pluimvee produsente het gedurende die verslagjaar afgeneem. Dit is sonder twyfel te wyte aan finansiële beperkings en laer personeelgetalle. Omdat hulle geen ander keuse het nie, behartig baie hulle eie opleidingsprogramme.

Ons was betrokke by die monitering van twee pluimveeprojekte waar uiteenlopende sukses behaal is. In hierdie verband word dit al hoe duideliker dat die koöperatiewe model vir pluimveeprojekte wanfunksioneel is. Dit is grootliks te wyte aan wantroue en binne-gevegte in koöperasies. Die besigheidsgedrewe "groep"-model waar toenemend sukses behaal word, blyk 'n beter benadering te wees.

## KZN Varkprodusenteorganisasie

deur Barry Gibbs

**N**ou ja, ek weet ek het dit al gesê maar ek sê dit weer: die wiel draai steeds! Insetkoste het selfs hoër gestyg en alhoewel ons mark taamlik lewendig was gedurende die eerste drie maande van die jaar, neig dit nou afwaarts. Dit kan grootliks toegeskryf word aan swak verbruikersbesteding weens die talle stakings wat in die land plaasvind.

**Promosies:** Gedurende die afgelope jaar het promosies hoofsaaklik plaasgevind deur middel van demonstrasies in winkels, die Royal Skou en die Good Food and Wine Skou. Die skoue is altyd baie suksesvol.

**Invoere:** Sedert die instelling van die bio-sanitêre maatstawwe deur Veeartsenykundige Dienste om PRRS uit die land te hou, was daar 'n dramatiese afname in invoere. Die jongste invoersyfers vir die vyf maande vanaf Januarie 2014 tot Mei 2014, is 8 662.



Dit verteenwoordig 'n afname van 6 056 vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar.

**Uitvoere:** SAPPO streef tans daarna om uitvoermarkte te open ten einde die druk op ons plaaslike markte te verlig. Die rede daarvoor is dat Suid-Afrikaanse produsente sedert Februarie hulle soggetalle aanmerklik uitgebrei het.

**Heffings:** Weens die feit dat die Minister nie die nuwe heffing in November verlede jaar ingestel het nie, is heffings eers teen 19 April verhoog, heelwat later as wat verwag is. Die heffing word nou bereken op R8.50 met 'n jaarlikse inflasieverhoging van 6% wat daarby ingereken is. Vrywillige heffing bly dieselfde as voorheen.

**Siektestatus:** Die bek-en-klouseer (BKS) status in die land is deur die OIE in hersiening geneem en 'n BKS-vrye status is aan ons toegeken. Dit sal vleisuitvoere uit Suid-Afrika bevorder, maar die OIE sal die situasie weer in oënskou neem. Na afloop van die serologiese toetse wat vanjaar gedoen is, is ons CSF status en PRRS steeds negatief.

**Geldsake:** KZN VPPO se geldsake is gesond en ons kan die boere daarvoor bedank. Die meeste van die geld wat deur heffings ingesamel word, ook die statutêre heffings, word bestee om die bedryf te bevorder. Elke nou en dan moet die KZN VPO-rekening die stat-rekening subsidieer om in al die behoeftes ten opsigte van promosies te kan voorsien.

**Opkomende boere:** Die Baynesfield Opleidingsentrum het tot nou toe heelwat sukses behaal. Lee Saunders is as hoofbestuurder vervang deur Deidre Sims-Hancock as besturende koördineerder en Gugu Ngubane is varkboerderybestuurder en opleidingsbeampte.

'n Spesiale woord van dank aan Mike Black, President van Kwanalu en Kwanalu se personeel. Ons waardeer alles wat hulle doen om ons op hoogte van landbousake in KZN te hou.

Dankie aan SAPPO vir die harde werk gedurende die jaar en hartlik dankie aan Simon Streicher (HUB), Sally Bosman, Qeda Nyoka en dr Peter Evans vir hulle uitmuntende werk. Ek bedank graag my komitee vir hulle ondersteuning en insette gedurende die afgelope jaar. Aan die administratiewe kant, dra ek graag my dank oor aan Hayley Jackson. Ook Sally Wilson en die demodames verdien 'n groot dankie vir al hulle harde werk. Laastens dra ek my dank oor aan ons borge wat ons elke jaar ondersteun.

Ons Algemene Jaarvergadering wat verlede jaar saam met SAPPO gehou is, was 'n daverende sukses en die dank hiervoor gaan aan Sally Bosman, Hayley Jackson, Portia Matsane en Stephanie Luyt vir hulle harde werk. SAPPO se AJV vind plaas op 3 en 4 September 2014.

Ek hoop die jaar vorentoe sal minder probleme oplewer vir ons produsente om te oorleef.

## Melkprodusenteorganisasie KZN

deur Edsel Hohls

**D**ie moeilike handelsomstandighede van die vorige jaar het in 2014 voortgeduur. Alhoewel goeie pryse by die plaashek behaal is, is die tendens nie verder gevoer nie. Winsgewendheid is op die laagste vlak ooit en die voer tot melk prysindeks was nog nooit so swak nie. Al wat melkboere nou sal laat asem skeep, is 'n beduidende verhoging in die melkprys, gelykstaande aan die wêreld-

prys en 'n verlaging in voerpryse. Die aanmerklike verhoging wat in die kleinhandelsektor ervaar word, het nie na die primêre bron deurgedring nie.

Ons is van mening dat 'n volledige ondersoek gedoen moet word van die hoë profyte wat in die kleinhandelsektor op basiese landbouvoedingsbehoefte behaal word.

Melkproduksie in KZN verteenwoordig tans net meer as 25% van die totale produksie in SA. Indien hierdie tendens voortduur, sal ons binne vyf jaar die grootste melkverskaffer in SA wees. Dit hou goeie vooruitsigte in vir ons in KZN. Ons streef na 'n winsgewende, lewensvatbare sektor waar almal regverdig behandel word. Ons kry slegs 34% uit die rand vir ons produk en dit terwyl ons die produk produseer en al die struikelblokke moet oorkom. Waarheen gaan die ander 66%? Syfers wys dat die kleinhandelsektor ongeveer 44% kry en dit net om die produk twee dae op hulle rakke te hou.

Ingevolge ons Memorandum van Samewerking met die Departement van Landbou, probeer ons hulle voortdurend betrek. Hier word veral verwys na die regering se hantering van sake ten opsigte van dieregesondheid, steun aan transformasieprojekte en die herinstelling van navorsing waarby kommersiële melkboere kan baat.

Op nasionale vlak bevorder die MPO steeds sleutel-inisiatiewe wat gerig is op doeltreffende kommunikasie met lede, die beskerming van markte en die oordra van tegnologie en inligting oor die bedryf. Die leierskorps van die MPO het onlangs weer besoek gebring aan al die grootste kleinhandel kettinggroepe en banke in 'n poging om 'n werksverhouding daar te stel vir die verbetering van die totale suiwel waardeketting. Die invoer van gesubsidieerde en lae standaard suiwelprodukte bly 'n probleem en ons Agri-Inspec-afdeling werk hard om die impak daarvan op die Suid-Afrikaanse mark te verminder.

Ek glo aan positiewe langtermyn vooruitsigte vir die suiwelbedryf. Internasionale aanvraag is hoog en internasionale pryse vir suiwelprodukte is goed (selfs in dollar-terme). Die huidige prys by die plaashek in Suid-Afrika is wel onvolhoubaar vergeleke met die wêreldprys, maar dit sal op 'n stadium moet regkom. Ongelukkig maak die huidige ekonomiese toestande dit moeilik om te voorspel wanneer dit sal gebeur en met hoeveel. Die uitdaging wat ons lede in die gesig staar, is om lank genoeg in die besigheid te bly om voordeel te trek.

Die MPO is wel deeglik bewus van die probleme waarmee baie boere te kampe het en ons doen alles moontlik onder omstandighede om die situasie vir ons lede te verbeter.

## KZN Rooivleis Producente Organisasie

deur Hendrik Botha en Johan Viljoen

In die huidige moeilike ekonomiese klimaat en as gevolg van verskeie ander negatiewe aspekte bly die rooivleisbedryf onder druk. Vleispryse het die afgelope drie jaar laer geword teenoor insetkoste wat gestyg het in dieselfde periode.

Bees en skaap slagtings het die afgelope boekjaar met onderskeidelik 12% en 19% verhoog, hoofsaaklik as gevolg van die droogte toestande aan die westekant van SA en Namibië. Dit, tesame met die strenger toepassing van dieregesondheid regulasies t.o.v. invoere, kan 'n tekort van beeste en moontlike opwaartse prysaanpassing ver wag word.

Die RPO was baie verlig en dankbaar met die opheffing van die positiewe bek en klou status en vertrou dat die nodige gesondheidsvereistes deur die owerheid gehandhaaf sal word om die status te behou. Die Dept. van Landbou is bewus van ons volgehoue ondersteuning met alle aksies vir die behoud van SA se Bek-en-Klouseer status.

Kommer bestaan oor die gesondheidsbeheer deur die Owerheid en Wildbedryf, veral betreffende die verspreiding van Corridor en Snotsiekte by beeste. Die lewensvatbaarheid van beesboerdery word, in sekere dele van KZN, ernstige bedreig. Daar is groot gebiede waar baie beeste jaarliks vrek as gevolg van Corridor en/of Snotsiekte. Hierdie siektes is buite beheer en dringende gesprekvoering is nodig tussen alle rolspelers om nuwe regulasies te skryf wat prakties uitvoerbaar is. Ook onbeskikbare entstowwe vanaf Onderstepoort is 'n bron van kommer vir die RPO en word dit gereeld aangespreek, ook op nasionale vlak.

Op 11 Junie 2014 is die KZN Livestock Producers Forum gestig met 5 verteenwoordigers van KZN Livestock Association en 5 lede van KZN RPO. Hierdie forum gaan in die toekoms uit een mond praat namens alle lewende hawe produsente in KZN. Ons voorsien dat ander lewende hawe produsente soos bv. die MPO, NWKV, en Varkprodusente ook deel gaan word van hierdie forum.

Ons 6de jaarlikse streeksvergaderings is gedurende Februarie 2014 gehou by Groenvlei, Dundee, Bergville, Mooirivier en Swartberg.

Een-duisend-vier-honderd-nege-e-tagtig eksemplare van die Rooivleistydskrif word twee-maandeliks aan produsente gesirkuleer. Raadslede het baie boereverenigings besoek en toegesprek aangaande die werksaamhede van die RPO.

Die bedryfsbestuurder, Daneman Smit het uitgetree en Johan Viljoen van Dundee is in sy plek aangestel.

KZN RPO se besigheidsbeplanning as prioriteit bly steeds:

- 1 Die doeltreffende insameling van vrywillige bydraes op boereverenigingvlak, sowel as met privaat transaksies, ook by slagpale en by voerkrale.
- 2 Voortgesette onderlinge kommunikasie tussen KZN RPO, produsente en ander rolspelers.
- 3 Doelgerigte beplanning in samewerking met produsente en ander rolspelers met betrekking tot veediefstal en die beheer van probleemdiere.
- 4 Doeltreffende administrasie en bestuur.
- 5 Ontwikkeling en dieregesondheid.
- 6 Skakeling en Produksie.

## Hluhluwe Queen Pynappels

deur Adriaan Kleyn

### Finansies

Ons het 'n goeie produksie jaar beleef met 'n gemiddeld tot 'n bo gemiddelde opbrengs van pynappels waarvan die kwaliteit ook goed was. Die area het ook goeie reënval beleef wat die gevolg was dat die Valsbaai meer die eerste keer vanaf 2002 weer vol is. Die GrunTERS loop en dit help om die gemoedere onder die pynappel boere hoog



te hou. Die markprys het sywaarts beweeg as gevolg van 'n goeie produksie jaar met die mark wat goed voorsien tot oor voorsien was. Wat uitvoer betref krimp die mark steeds in Europa maar vergroot in die Midde Ooste. Dit is 'n tendens wat al nou 'n geruime tyd voortduur. Daar word egter ongeveer slegs 'n derde van die volume uitgevoer teenoor wat tien jaar gelede uitgevoer is. Dit het tot gevolg dat produksie metodes besig is om daarby aan te pas deurdat minder kleiner vrugte geproduseer word. Die uitvoer mark vereis slegs kleiner vrugte waarvoor daar nie 'n lokale mark is nie.

### Navorsing

Gedurende Augustus 2014 word die Internasionale Pynappel Konferensie in Australië gehou. Dit is 'n konferensie wat elke vier jaar gehou word waarby alle navorsers oor die wêreld, wat by pynappels betrokke is, bymekaar kom en navorsings resultate asook tendense bespreek. Twee van ons boere asook ons twee van ons navorsers gaan dit bywoon. Dit is 'n geleentheid waarby ons baie baat aangesien navorsing oor 'n baie wye spektrum gedoen word waarvoor daar nie in Suid Afrika befondsing is nie. Die befondsing van navorsing in Hluhluwe word gefinansier deur 'n heffing wat jaarliks gehê word op die aantal hektare wat elke produsent plant.

'n Hoogtepunt vir ons navorsing die afgelope jaar is die registrasie van 'n nuwe produk wat ons nou wettig mag gebruik op pynappels naamlik Delta-thrin. Dit gaan ons voorwaar help met die jaarlikse GlobalGAP audit.

### Algemeen

Daar het 'n hele paar jong boere plaas toe gekom die afgelope tyd wat baie bemoedigend is aangesien die meeste van ons begin lank raak in die tand. Nuwe bloed is nuwe energie wat veral in die varsprodukte bedryf 'n vereiste is vir oorlewing

Groete aan al ons mede boere in KwaZulu Natal en dankie vir Kwanalu wat georganiseerde landbou vir ons sterk hou in hierdie tyd.

## Suidelike KZN Piesangvereniging

deur **Quentin Elliott**

**I**n teenstelling met die vorige jaar is daar die afgelope jaar weer 'n mate van "normaliteit" in die piesangboerderybedryf ondervind.

Nadat ons verlede jaar se skokkende verhoging in werkerslone moes verwerk, was dit 'n groot verligting vir almal toe 'n inflasieverwante verhoging aangekondig is, aangesien arbeid nou ons enkele grootste uitgawe verteenwoordig.

Alhoewel gunstige weerstoestande vir groei en goeie reënval gedurende die grootste gedeelte van die jaar voorgekom het, was dit uitermatig droog gedurende April en Mei. Gelukkig vir ons het dit geen groot skade aan die oes tot gevolg gehad soos verlede jaar die geval was weens sterk winde nie.

Die gunstige weerstoestande het wel gelei tot produksieverhoging, maar die bonus was soveel kleiner omdat pryse wat behaal is, laer was as wat verwag is. Dit is as gevolg van groot hoeveelhede vrugte wat op nasionale markte te koop aangebied is. Die buitengewone groot hoeveelhede vrugte was grootliks as

gevolg van verhoogde produksie van groot aanplantings in Mosambiek. Na raming sal hulle met hierdie produksie kan aanspraak maak op ongeveer 40% van die verkope op nasionale markte.

Gereelde vergaderings van studiegroepe vind plaas waar verskillende onderwerpe soos norme vir arbeidsproduktiwiteit, stutwerk, onkruidbeheer, plantmateriaal en kunsmispryse bespreek word.

Die Piesangkwekersvereniging van SA (BGAS) het lede se belange verteenwoordig by 'n konferensie wat by die Universiteit van Stellenbosch gehou is oor die onlangse uitbraak van 'n nuwe kwaadaardige stam van Panama TR4 in Mosambiek.

Ons hartlike dank aan Kwanalu vir die toewyding waarmee hulle ons lede se belange op die hart dra in moeilike tye soos hierdie.

## SA Wildboerdery (KZN Tak)

deur **Karel Landman**

**W**BSA-KZN is 'n provinsiale vertakking van WBSA en hanteer streeksaangeleenthede wat met ons bedryf verband hou, soos die uitreiking van permitte en ander wetgewing rakende wildboerdery wat bedryfskoste verhoog.

Verteenwoordigers van die Wildlewe Hervestigingsvereniging, Professionele Jagtersvereniging van SA en die Vereniging van Private Renostereienaars dien in ons komitee. Daar is ook noue skakeling met Openbare Veeartsenykundige Gesondheid en die Departement van Veeartsenydiens en Ezemvelo KZN Wildlife (EKZNV).

'n Verstandhoudingsooreenkoms tussen EKZNV en WBSA-KZN maak voorsiening vir kwartaalike forum vergaderings waar senior verteenwoordigers van EKZNV, tesame met verteenwoordigers van WBSA probleme kan oplos, insig kan verkry en kan deelneem aan besprekings van voorgestelde nuwe wette en regulasies.

Die eerste wildveiling vir ons lede is in Maart 2014 gereël en die omset behaal was baie naby aan R13.5 miljoen.

Om wildboerdery aan te moedig en die standaard van wildboerdery in ons provinsie te verhoog, het die komitee van WBSA-KZN 'n kompetisie vir Wildboer van die Jaar geloods met 'n fabelagtige brons wit renoster as trofee. Sam Kgonono van die Mahlalela Wildreservaat naby Magudu het dié gesogte trofee vir 2013 ingepalm. Sam is bestuurder by die reservaat en mede-eienaar van Mark Dedekind Safari's. Hy is 'n professionele jagter en jagtoeruster en praat vyf tale vlot.

Ons het tans 'n ledetal van ongeveer 70. Ons databasis is geopen met inligting oor 150 wildplase in die provinsie. Ons werk die data gereeld by met inligting soos hektaar grond en getal werkers. Ons beskik tans oor inligting van 345 000 ha bewaringsgrond in privaatbesit wat ongeveer 80 plase insluit.

